**NG Kerk roep sy lidmate op om hul as wit Afrikaners aan te meld om weer teenoor "swartes" sonde te bely om weer vergifnis van "swartes" te kry.**

1.Die Algemene Sinode van die NG Kerk se dagbestuur, die ASM, roep NG lidmate op om hulle self aan te meld om die wit Afrikaanse ras te verteenwoordig van die 11 de tot 16 de Junie 2016 in Soweto, tydens die 40 jarige herdenking van die 16 Junie 1976 opstand in Soweto teen die apartheidsregering.

2. Deur die aanvaring van eienaarskap van hierdie aksie, het die ASM (Algemene Sinodale Moderatuur) van die NG Kerk die rasse-agenda van hierdie byeenkoms kerklik gesanksioneer en alle lidmate van die NG Kerk aan die uitgesproke rasse-bedoeling van hierdie beplande byeenkomste verbind.

3. Met hierdie besluit het die ASM nie net sy lidmate as lede van die NG Kerk nie, maar almal wat lede van die "wit Afrikaanse ras" sou wees, tot hierdie aksie verbind. NG lidmate moet met hierdie besluit die wit Afrikaanse ras verteenwoordig, nie die NG Kerk nie.

4. Die organiseerders van hierdie aksie wil spesifiek drie rasgebaseerde simbole skep met hierdie seremoniële vieringe.
4.1 ՚n Massa byeenkoms van "wit Afrikaners" en "swartes" op 11 Junie op die Orlando stadium, wat hulle self noem "՚n saamtrek van wit en swart voor God se aangesig",
4.2. ՚n Simboliese leierskap seremonie by die Hector Peterson monument die oggend van 16 Junie waar weer uitdruklik gestel word dat hulle predikante sien as leiers van die "Afrikaanse kerke" en
4.3 ՚n Erediens tussen "wit Afrikaners" en "swartes" op 16 Junie wat in die geestelike anti-apartheidssimbool, die Regina Mundi kerkgebou van die Rooms Katolieke Kerk, gehou sal word ter herdenking van die 16 Junie 1967 opstand teen apartheid.

5. Die rassebedoeling van hierdie aksie is so sterk dat hulle openlik stel dat: "sonder (Afrikaanse) witmense is die dag sinloos." (sic) Hulle beklemtoon hierdie rassebedoeling deur dit nog verder te kwalifiseer: "Dit spreek vanself dat ʼn aksie soos die tot niks kom indien daar nie ʼn substansiële verteenwoordiging van witmense is nie!"

6. Die skep van nuwe geestelike rasgebaseerde geestelike simbole is ook die uitgesproke bedoeling van hierdie byeenkoms. In hul eie woorde stel hulle: "16 Junie het enorme simboliese waarde, en die simboliese waarde moet gebruik word…". Hierdie geestelikes wil in die plek van die historiese betekenis van hierdie simbole, ՚n nuwe vergeestelike betekenis aan hierdie simbole gee, wat hulle dan noem die "droom van die kerke". Hierdie verandering van die historiese betekenis van simbole moet volgens hulle ook die slag van Bloedrivier en die Bloedriviermonument insluit.

7. Wat is die nuwe geestelike simboliese betekenis wat hierdie geestelikes aan hierdie historiese gebeure, die herdenking van hierdie historiese gebeure en die monumente van hierdie historiese gebeure wil gee? Hulle stel dit ook openlik om dit nuwe rasgebaseerde

simbole te maak: dit moet die versoening tussen wit en swart simboliseer en daarom in hulle geestelikheid verander word na simbole van “die waardes van belydenis, vergifnis, versoening en heling” tussen wit Afrikaners en swartes.

8. Wie moet wat bely, en wie moet wie vergewe, op die veertigste herdenking van die Soweto opstande in byeenkomste, wat spesifiek saamgestel is uit “wit Afrikaners” en “swartes”? Dit kan niks anders wees as “wit Afrikaners” wat moet bely wat hulle op hierdie dag 40 jaar gelede gedoen het nie en dit kan niks anders wees as “swartes” wat wit Afrikaners vergewe vir wat hulle 40 jaar gelede in Soweto gedoen het nie.

Die rasse-simboliek is om deur hierdie belydenis van wittes teenoor swartes, en die vergifnis van swartes teenoor wittes in Soweto, op die 16 de Junie voor die Hector Peterson monument en in die Regina Mundi gebou te doen, die historiese geleentheid en simbole se betekenis te verander. Dit geskiedenis van hierdie gedenkwaardighede word vergeestelik om boetedoening te versinnebeeld. Boetedoening is vergifnis deur sondebelydenis en restitusie. Dit staan teenoor vergifnis en versoening deur die geloof alleen.

9. Wat glo hulle sal deur hierdie simboliek van wit Afrikaners en swartes wat saam ŉ massabyeenkoms hou en saam kerkhou tot standgebring word? Binne die tipiese geestelikheid wat hulle verteenwoordig stel hulle dit só: “Wonderwerke gebeur wanneer gemeenskappe saam met mekaar uitreik na ander gemeenskappe in nood.” Hulle wil graag die wonderwerk laat gebeur van die nuwe nasie wat weer ŉ keer oor begin!

Volgens hul self het hulle as geestelikes die nuwe-nasie-droom laat misluk. Die verskoning wat hulle hiervoor gee is dat hulle as geestelikes so bly was oor die nuwe nasie dat hulle feitlik niks daar aan gedoen om die nasie ŉ sukses te laat wees nie. Hierdie nalatigheid erken hulle as rede vir die ellendes waarin die land nou is en stel dat almal saam met hulle nou medeskuldig is vir hulle nalatigheid. Die nuwe rassesimboliek van 16 Junie 2016 wat hierdie geestelikes wil skep, word deur hulle self beskryf as ŉ sneller van ŉ nuwe deurlopende sosiale aksie wat die hele Christelike gemeenskap in hulle “droom” moet mobiliseer.

10. Wat is die “wonderwerk” wat sal gebeur deur hulle simboliese vertonings en seremonies op die 16 de Junie? Hulle stel dat dit versoening sal bring tussen “wit Afrikaners” en “swartes.” Hierdie nuwe versoening tussen “wit Afrikaners” en swartes tydens hierdie 3 seremoniële optredes, sal die krag wees wat die land se huidige ellendes sal aanspreek en oplos.

Hulle verklaar dat hulle glo dat God deur hierdie “kerkdroom” van geestelike seremoniële vieringe vir die nasie en land ŉ nuwe toekoms sal ontsluit. Daarom word hierdie simboliese aksie ook dan genoem die “Nuwe Suid Afrika lied.” Bedoelende dat die laaste twintig jaar is nou weer die ou Suid Afrika en dat in die plek van laaste twintig jaar moet die nasie en land, let wel, nou die “Nuwe Suid-Afrika Lied” begin saam sing.

Die geestelikes glo dat hierdie openbare demonstrasie van boetedoening van wit teenoor swart, en die vergifnis van swart teenoor wit, dan die waardes van versoening en heling in die gemeenskap sal indra sodat die land van sy huidige politieke en sosiale ellendes verlos kan word.

11. Die voorbereiding vir hierdie "wonderwerk" tussen wit Afrikaners en swartes is ŉ veertig dae "pelgrimsreis" van gebed en versoening tussen wit Afrikaners en swartes in alle gemeenskappe en kerke. Hierdie 40 dae van gebed sal onder die leiding van "Jericho Mure Gebedsnetwerk" plaasvind.

Hierdie word spesifiek as ŉ Christelike aksie voorgehou met die direkte implikasie dat ander gelowe uit hierdie oor begin van die nuwe nasie met ŉ nuwe liefde en ŉ nuwe wonder uitgesluit is. Dit aan die een kant.

Aan die anderkant word onderwysers en beheerraadslede van staatskole opgeroep om die kinders vir hierdie aksie in hulle skole te mobiliseer. Die inhoud van hierdie gebedsreis is reeds aan NG Gemeentes uitgestuur.

Na ŉ lid van die publiek Elizabeth Jordaan van Jericho Mure daarop gewys het dat hierdie gebedsgids deurlopend die polisie in ŉ slegte lig stel, het sy geantwoord: "Prof Piet Meiring was destyds op die WVK en het uit sy ervarings daar en met sy jare-lange betrokkenheid by versoenings die dagstukkies geskryf. Ek is seker hy het nie bedoel om op die polisie te fokus nie. Ekself het nog nooit die WVK se verslae gelees of daarna gekyk om enige kommentaar daaroor te kan lewer nie."

12. Hierdie rassesimboliek van hierdie geestelikes in Soweto sal saamval met die hoogtepunt van die politieke partye se massabyeenkomste in Soweto om mense vir die Augustus verkiesings te mobiliseer.

(Sien "Memorandum 16 Junie" op Google vir uiteensetting van hierdie onderneming.)
Ds. PJ Kriel.